The copyright act of 1978 (as amended) prohibits the reproduction of this copy IN ANY FORMAT, (See Clause 5 Terms & Conditions) without prior permission of the original publisher.

Ornico
KNOW HOW. TO GROW



**FINWEEK - AFRIKAANS** **2012/06/07** **Page: 44**

**AVE: R 21287.98**

# Die helpende hand


Die sosiale entrepreneur Liz Zambonini het The Hope Factory begin en dit is nou 'n multimiljoenrandonderneming met feitlik niks anders as 'n mikpunt, visie en passie nie.

Aanvanklik wou Zambonini tekstielfabriekwerkers in Kaapstad wat hul werk verloor het, help om kos op die tafel te kry en hul gesinne te ondersteun.

Maar daar was 'n vangplek. Sy het geen saaikapitaal gehad om naaimasjiene te koop en dié arme mense te help om selfonderhoudend te word nie.

Befondsing vir nuwe ondernemings is 'n groot probleem in SA, maar sy het vasgeklou aan haar droom. Vandag lewe sy dit.

The Hope Factory is 'n ondernemingontwikkelingsorganisasie met sy hoofkantoor in Port Elizabeth, 'n strategiese skuif deur Zambonini om werkgeleenthede in die Oos-Kaap te skep waar werkloosheid relatief hoog is. Sy opleidingsprogramme help ontluikende entrepreneurs deur 'n sakementor aan hulle toe te wys, hulle te help om 'n sakeplan op te stel en navorsing te doen oor die voorgestelde sake-idee. 'n Klassieke geval hiervan is die Javu-mode-etiket wat onlangs bekend gestel is. Dis 'n gesamentlike onderneming tussen The Hope Factory se suksesvolle entrepreneur Luvuyo Zinco en sy mentor, Jason Kieck, 'n toonaangewende trourokontwerper in Port Elizabeth. Javu gaan die gewese model en Mej SA, Cindy Nell, se uitrusting maak vir die komende Vodacom Durban July-perdewedrenbyeenkoms.



Liz Zambonini

Maar 11 jaar gelede was The Hope Factory, sonder geld en in 'n geleende motorhuis in Kaapstad, nie naastenby waar hy nou is nie. Zambonini het egter nie die einddoel uit die oog verloor nie en het die moeilike tye oorleef.

"Ek het The Hope Factory gesien vir wat dit kan wees en ek het daarin geslaag om deur die moeilike tye te kom en die droom te bou wat ek in gedagte gehad het," sê sy.

In 2001 het sy die vooruitsigte van haar onderneming op 'n Vrouedag-kerkkonferensie in Kaapstad uiteengesit en gepleit vir fondse om The Hope Factory op die been te bring, en dit het meegebring dat die aktrise, openbare spreker en skrywer Tselane Tambo R3 000 geskenk het om die onderneming te begin. Hoewel dit 'n baie klein bedraggie was, het die R3 000 die grondslag gelê en geboorte gegee aan die maatskappy, wat nou beloftes inhou om tot groter hoogtes te groei.

In 2008 was The Hope Factory op sy knieë en is hy deur dreigende ondergang in die gesig gestaar omdat finansiële bystand wat hy baie jare lank van die departement van Arbeid ontvang het, sonder waarskuwing tot 'n skielike einde gekom het. "Ons het nie besef dat die departement terselfdertyd sy optrede teenoor diensverskaffers verander het nie. Skielik was dit Julie, en ons het nog 'n miljoen rand teen die einde van die jaar nodig gehad.," sê Zambonini.

Maar dit het geblyk dat dié penarie presies was wat die maatskappy nodig gehad het. "Wat soos ons donkerste uur gelyk het, het toe geblyk die beste ding te wees wat ooit met die maatskappy gebeur het. As ons nie so gedruk is nie, sou ons dié geleentheid waarskynlik misgeloop het," sê sy.

Die maatskappy het homself herposisioneer onder die vaandel van ondernemingontwikkeling en het daarin geslaag om fondse in te samel.

Die maatskappy ondervind sedertdien eksponensiële groei, en die SA Instituut van Geoktrooieerde Rekenmeesters verskaf finansiële toesig en bestuur om te verseker dat die maatskappy die geld behoorlik bestee. The Hope Factory het 200 maatskappye wat in vennootskap met hom werk as deel van sy ondernemingontwikkelingsprogram waar entrepreneurs blootstelling kry. Dit sluit maatskappye in soos Deloitte, "K" Line Shipping (SA) Edms Bpk, Siemens en IT Solutions, om net enkeles te noem.

"Dis 'n wen-wen-situasie omdat maatskappye deur ons in die bevoordeeldes investeer en ons 'n bewese baanrekord het om kleinsakeondernemings te help om te groei," sê Zambonini.

**Buhle Ndweni**
buhlen@finweek.co.za
@buhlebezwi